

7 September

Skrifgedeelte: Matteus 15:21-28  
Fokusgedeelte: Matteus 15:22, 28

### Ontferm U oor my!

'n Kanaänitiese vrou met 'n heidense afkoms het Hom genader en Hom om hulp gesmeek. Wat was haar nood? Haar dogter was onder die invloed van 'n bose gees, 'n demoon – vandaar die kommer en hulpgeroep van die vrou tot Jesus: “Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid!” So het sy aanhoudend geroep.

Jesus se dissipels is dadelik geïrriteerd met hierdie heidense vrou. Hulle wil hê dat Jesus haar wegstuur. Hulle harte is nie deur haar nood aangeraak nie. Jesus reageer egter anders. Alhoewel Hy in die eerste plek na die verbondsvolk van Israel gestuur is, wys Hy dat sy liefde en deernis veel wyer uitkring as die Joodse volk. Jesus ontferm Hom oor hierdie vrou met haar groot geloof en wat met volharding tot Hom bly smee het. So bewys Hy met sy optrede ook dat Hy dié Koning is. Hy is inderdaad die Here, die Seun van Dawid, soos die vrou Hom aangespreek het. Hy is die heerser oor die duivel en sy demone. Hy het die mag oor die bose magte en bewys dit. In sy Naam het sy dissipels ook bose geeste uit mense gedryf en dit vol verbasing aan Jesus kom vertel (Luk 10:17).

Wat is jou nood vandag? Waaroor wil jy na Jesus toe kom met die uitroep: Ontferm U oor my! Waarvoor soek jy sy hulp? Is dit dalk ook 'n kind van jou, of 'n kleinkind of jyself oor wie jy bekommerd is? Is dit dalk 'n aanslag van die duivel en sy bose geeste waarvan jy bewus is? Bring jou nood met vrymoedigheid na die Koning aan die regterhand van God, Hy aan Wie alle mag gegee is in die hemel en op aarde.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2*

*Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)*